

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 23 Mei 2021

VOTUM

Prys die Here, alle nasies,
loof Hom, alle volke,
²want sy liefde vir ons is sterk,
aan die trou van die Here
is daar geen einde nie!
Prys die Here!

SEËNBEDE

Aan die gemeente van God,
wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder en
geroep het om aan Hom te behoort,
wat die Naam aanroep van Jesus Christus,
hulle Here en ons Here:
Genade en vrede vir julle
van God ons Vader en die Here Jesus Christus.

SKRIFLESING EN GEBED

Teks: Hebreërs 2:5 - 9

Tema: Met Jesus opweg na die nuwe wêreldorde

Stormagtige omstandighede:

Die Joodse gelowiges in Alexandrië het hulle in stormagtige omstandighede bevind en die gevaar het bestaan dat hulle geloofslewe skipbreuk kon lei (Hebreërs 2:1). Van hulle het reeds begin om hulle band met Christus los te maak en terug te keer na hulle



Joodse wortels van die tempeldiens, offers, Joodse feesdae en geloof in engele as tussengangers tussen God en Sy uitverkore volk.

Aanmoediging (hoofstuk 1)

Die skrywer moedig hulle aan om in stormagtige tye hulle band met Christus te verstewig en nie in die versoeking te kom om hulle band met Hom los te maak. Hy is immers groter as Judaïsme en die engele.

Groot saligheid (2:5-18)

In hoofstuk 2 word gelowiges herinner aan die groot saligheid (2:3) wat in die toekoms op hulle wag. Hierdie groot saligheid is die nuwe **wêreldorde** waarvan hulle saam met Christus die nuwe bewoners gaan wees.

1. Jesus is die Heerser van die nuwe wêreldorde: onderwerp. (2:5-9)

Deur die loop van eeue was verskillende persone deur God aangestel om oor die aarde namens Hom te heers. In hierdie gedeelte kyk ons na die verskillende regeerders oor die aarde:

a) Prehistoriese tyd: Lucifer, die môrester.

- In die begin het God die hemel en die aarde geskep.
- Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef.

Tussen Genesis 1:1 en 1:2 is volgens sommige verklaarders van die OT 'n reuse gaping wat as die prehistoriese tyd bekend staan. In hierdie periode is Lucifer deur God aangestel om as engel oor die aarde wag te hou. Dis in hierdie tydperk wat hy deur hoogmoed teen God in opstand gekom het, wat 'n katastrofiese effek op die prehistoriese tydperk op die aarde gehad het. Nadat die Gees van God oor die chaos van die prehistoriese tydperk gesweef het, begin God met die volgende skeppingsverhaal van Genesis 1 en 2.



- **Esegiël 28:11-18;**

- So sê die Here my God: Jy was 'n seël wat met sorg vervaardig is, 'n pragtige produk van volmaakte vakmanskap: jy is uitgebeeld in die godetuin Eden, omring deur kosbare edelstene;
- So is jy gemaak die dag toe jy geskep is. Jy is uitgebeeld as die gerub wat met uitgestrekte vlerke moes waghou, **Ek het jou die opdrag gegee.**
- Jy was op die heilige godeberg, daar het jy rondgestap tussen glinsterende edelstene. Jou optrede was onbesproke vandat jy geskep is totdat jy begin onreg doen het.
- Daarom het Ek jou verstoot van die godeberg af, Ek het jou, gerub wat moes waghou, tussen die glinsterende edelstene uit verwyder. Jou prag het jou hooghartig laat word, jou stralende glans het jou wysheid laat verloor. Ek het jou op die grond gegooi.

- **Jesaja 14:12-14.**

- Jy wat die helder môrester was, het uit jou hemel geval. Jy wat 'n oorwinnaar van nasies was, is in die grond in verpletter.
- En dit jy, jy wat gedink het: ek klim op hemel toe, ek gaan **my troon** neersit bokant die hoogste sterre, ek gaan my plek inneem op die berg waar die gode mekaar ontmoet, ver in die noorde; ek klim op tot bokant die wolke, ek word soos die Allerhoogste self.

b) Joodse verwagting: Migael en sy engele.

Die Jode het met die verwagting geleef dat Migael en sy engele oor die toekomstige aarde gaan heers,

“In daardie tyd sal Migael, die groot engel wat oor die lede van jou volk waghou, op die toneel verskyn.” (Daniël 12:1)



c) Adam as die verteenwoordiger van die mensdom. (Genesis 1)

- “Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.”
- God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

Die mens het egter sy reg om te heers verloor deur die sondeval in die Paradys. (Genesis 3). Van daardie tydperk is die mensdom en die aarde aan die agteruitgaan, todat die nuwe tydperk aanbreek, waarvan Christus die Heerser gaan wees en die nuwe aarde deur die kinders van God bewoon gaan word.

d) Christus, die finale heerser van die nuwe orde.

- “U het alles aan hom onderwerp.”
- By die onderwerping van alle dinge aan die mens is niks uitgesluit nie. Alles is aan hom onderwerp.
- Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is nie. Maar ons sien Jesus, met eer en heerlijkheid gekroon op grond van sy lyding en dood.
- Hy is 'n kort tydjie minder gemaak as die engele, sodat Hy deur die genade van God vir almal sou sterwe. (Hebr 2:6-9)

2. Groot saligheid: die toekomstige wêreldorde.

a) Joodse verwagting van die nuwe wêreldorde. (Jes 65:17-25)

- **Nuut.** Ek gaan 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde skep;
- **Huidige.** Aan dié wat daar nou is, sal daar nie meer gedink word nie, hulle sal nie onthou word nie.
- **Iets om na uit te sien.** Wees bly, en jubel sonder ophou oor wat Ek gaan skep;



b) Christelike toekomstige verwagting: “iets beters” is oppad! (Heb 2:5-9)

- **Nuwe wêreldorde.**

Dit is nie aan engele dat Hy die toekomstige wêreld, waarvan ons praat, onderwerp het nie. (2:5)

- **Sien uit na 'n beter stad.**

“Want hy het uitgesien na die stad wat vaste fundamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is. (11:10)

- **Verlang na 'n beter heimatland.**

Maar hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang. Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad (hoofstad) gereed gemaak. (11:16)

- **Verwag 'n beter lewe.**

Ander gelowiges wou nie die prys vir hulle eie vrylating betaal nie en is doodgemartel; hulle wou die opstanding tot 'n beter lewe deelagtig word. (11:35)

- **Ontvang 'n onwankelbare koninkryk.**

Laat ons wat 'n onwankelbare koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees. (11:28)

- **Opsoek na 'n vaste verblyfplek.**

“Want ons het in hierdie wêreld geen vaste verblyfplek nie, ons is op soek na die toekomstige.” (13:14)

Samevattend:

Gelowiges bevind hulle in stormagtige omstandighede en die gevaar het bestaan dat hulle hul band met Christus kan losmaak. Dit is egter nie wat moet gebeur nie.

Daar wag 'n wonderlike nuwe toekoms op hulle. Wanneer dit nie goed gaan nie, moet jy meer as ooit tevore fokus op die nuwe toekoms wat ophande is. Dis iets waarna ons kan

- uitsien,



- verlang,
- verwag,
- dankbaar kan wees en
- kan soek as vaste verblyfplek.

SEËNBEDE:

²⁴Die Here sal julle seën
en julle beskerm;

²⁵die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;

²⁶die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee!

OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapsan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins erediens). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

kantoor@ngkerkwonderpark.co.za



Met trots geborg deur:



www.thepiecrew.co.za

THE PIE CREW WINMORE

thepiecrew1@gmail.com

thepiecrew.winmore@gmail.com

